

# Shipwrecked and under Suspicion

U word hartlik uitgenooi om deel te neem aan ons Moordraaisel-Fondsinsameling, ten bate van ons trotse JvR Rasieleiers. Die SAMCA (South African Majorette and Cheer Association) nasionale kompetisie in Oudtshoorn is om die draai en ons het jou hulp nodig. OF kom vier sommer net die einde van die kwartaal en eksamen. Ons ouers verdien 'n lekker ontspan en dan is dit nog pret ook.

Die Britse stoomboot *Kakapo* [KAA]+[KUH]+[POH] het soos menige skepe nie 'n kans gestaan teen die *Kaap van Storms* nie. Magtige winde het die vaartuig beetgepak en na *Chapmansbaai* gesleep. Die kaptein het die area met *Kaapse Punt* verwar en die stoomboot is aan wal gery op *Noordhoek* strand in 1900. Maar die tragedie eindig nie hier nie.

Dit is wanneer *Kaptein Duncan Fernando* vermoor word dat dinge lelik begin skeef loop. Vriendelike gesigte van die nabye herberg lyk nie meer so vriendelik te wees nie en die magtige *Kakapo* bly aan wal in die soeke na waarheid.

Elke gas sal 'n karakterprofiel per epos toegeken word. Moordenaar of speurder, wie sal weet? Die raaisel is volledig uiteengesit en leidrade sal deur die verloop van die aand gedeel word. Trek volgens jou karakter aan, bestudeer vooraf motiewe, moontlike alibi's, vreemde aksente of hoe om weer veilig op die stoomboot te kom.

| | |
|---|---|
| **Datum:** | Vrydag, 20 Junie 2025 (Eksamen verby!) |
| **Tyd:** | 18h30 vir 19h00 – Verdagtes hou jou dop. Wees veilig by herberg om 19h00. |
| **Plek:** | Hoërskool Jan van Riebeeck-Skoolsaal |
| **Tema:** | Shipwrecked – And under suspicion |
| **Koste:** | R1600 per tafel van 8 mense (R200 per persoon) |

Let wel daar sal geen verkope op aand wees nie en elke tafel is verantwoordelik vir eie spys en drank. 'n *Matroos* mag darem 'n wyntjie ook neem. Neem asseblief kennis dat die aand slegs vir volwassenes aangebied word. Elke tafel nomineer 'n skeepsverteenwoordiger (gasheer/gasvrou) wat dan as hoof staan van tafel se reëlings en tafel-betaling namens deelnemers maak. Hierdie persoon moet asseblief die inskrywingsvorm invul en spoedig deurstuur na marisa.drummond@gmail.com nadat betaling op die Karri-App gemaak. Verdere inligting word dan individueel (onthou dis 'n geheim) aan deelnemers per epos gestuur.

Ons sien uit om almal se speurvernuf te beleef.

# Inskryfvorm

# Moordraaisel - Aand

Persoon verantwoordelik vir tafel: ____________________________

Kontaknommer: ___________________________________________



*Shipwrecked and under Suspicion*

**Kies asseblief u karakters:**

| Karakter | Naam van deelnemer | E-pos adres |
|---|---|---|
| George Dunny: (Manlik) Skeepsmagnaat | | |
| Helen DuRandt: (Vroulik) Reisende Bibliotekaris | | |
| James Garrigues: (Manlik) Skepe Sjef | | |
| Johnny Jones: (Manlik) Diamanthandelaar | | |
| Lady Anna Saxon: (Vroulik) '*Lady of Leisure*' | | |
| Margaret Hugh: (Vroulik) Goewerneur | | |
| Mary Langley: (Vroulik) Skeepsverpleegster | | |
| William Cargill: (Manlik) Skeepsmaat | | |

U karakterprofiel en 'n paar leidrade sal 3 dae voor die *Kakapo* aan wal loop aan u gestuur word.

Geen metgesel, geen probleem. Die skeepspersoneel sal u graag by 'n jolige matroos tafel indeel. Hou die inligting geheim en moet liefs nie al jou kaarte te vroeg speel op die aand nie.

Vriendelike groete

*Skeepspersoneel* en *J&R Rasieleiers*